
1JH 2:29 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [9]

Die tweede merkteken (2)

E255

Johannes koppel 'n Christen se gehoorsaamheid aan dié van die Here Jesus in ons teks. As die "Eersgeborene van God se nuwe skepping" gekenmerk word deur volmaakte geregtigheid, hoe kan God se herskeppingswerk in sondaarmense tot iets van 'n ander aard lei?

Die onlosmaaklike verband tussen 'n mens se innerlike wese en sy optrede

Wat iemand in sy hart is - sy innerlike wese - dit is hy; en wat hy is, sal hy lééf (vgl. Spr 4:23). Die wedergeboorte is ten diepste 'n *hartsverandering*. En op die tafels van hierdie nuwe hart skryf God Sy wette. Dit beteken dat die wedergeborene vanuit sy binneste (dus in opregtheid) begeer om te doen wat reg is in God se oë. Hy of sy kan nie anders nie - soos ons gesien het toe ons na Esegïël 36 en Jeremia 31 gekyk het (onder die hofie, "'n Naggesprek").

En as hy dit regtig wil doen, as dit regtig vir hom belangrik en 'n prioriteit is, sal hy daarvolgens lewe. Ook dit kan nie anders nie. 'n Mens doen altyd wat hy wil en dus begeer; trouens, hy doen nét dit - hy kán nie anders nie.

- 'n Illustrasie mag help om dit te verstaan: *'n Rower druk 'n rewolwer teen jou kop en jy weet: dis óf die banksak met lonegeld óf jou lewe. Hoewel dit regtig nie jou begeerte is om R35 000 weg te gee nie, kan jy nie die sak vinnig genoeg aangee nie. Waarom? Jy het 'n gróter begeerte as jou begeerte om die geld te behou: om te bly lewe!*

- Presies net so handel mens altyd, sonder uitsondering, volgens jou wil en begeerte - en gevolglike besluit. En jou besluit sal altyd voortspruit uit jou sterkste begeerte en jou hoogste prioriteit.

Dit volg dus logies: *as God se wette op die tafels van jou hart gegraveer is, kan dit nie anders nie - jou lewe móét gekenmerk word deur geregtigheid!*

Afwesigheid van gehoorsaamheid (om nie eers van ongehoorsaamheid te praat nie), dui dus op ander prioriteite en begeertes. Dit dui daarom op die afwesigheid van God se wet in jou hart - en daarom op 'n hart wat nog nooit herskep is nie.

- Min dinge word so sterk in die Nuwe Testament beklemtoon as die onlosmaaklike band tussen innerlike herskepping, enersyds, en 'n uiterlike lewe van heilige gehoorsaamheid aan God, andersyds.

Dis waarom Jesus sê: " ... *aan die vrugte word die boom geken.*" (Mt 12:33). Dit is ook waarom die apostel skryf: " ... *so is ook die geloof sonder die werke dood.*" (Jk 2:26 en voorafgaande verse).

Ook Johannes beklemtoon dit oor en oor: Jh 14:21,23,24; 15:14; 1Jh 2:3-4, en ook 3:10.

Die onsigbare word herken aan die sigbare; as die sigbare afwesig is, is die onsigbare ook nie daar nie.

Hoe 'n mens weet wat reg is in God se oë

- Daar is net een manier om seker te weet wat reg in God se oë is - wat Sy norm vir geregtigheid is: Sy Woord! Hy het Sy wil en voorskrifte aan ons geopenbaar. Dit is in ekstrakvorm in Sy morele wet, die Tien Gebooie, verwoord en word in die res van die Skrif - by uitstek in die Nuwe Testament - oopgerol en verduidelik.

- Die geregtigheid wat saamhang met wedergeboorte is iets baie spesifiek - en daarom uniek. Dis kwalitatief iets anders as blote moraliteit of filantropie. Die radikale, totale en omvangryke effek van die wedergeboorte sorg vir ten minste vyf

*watermerke van egtheid.*¹

- Die *hele mens* is daarby betrokke - omdat dit uit die hart voortkom, die sentrum van jou persoonlikheid. Dit beheers dus my denke, emosies, wil en oortuigings. Ek wy my kragte, tyd, vermoëns en finansies daaraan. En, uiteraard, waarvan my hart vol is, sal my mond oorloop (hopelik in waarheid en wysheid).

- Die *volle spektrum van God se geopenbaarde wil* is hierby betrokke. Per slot van rekening is ál God se wette op die tafels van die herskepte hart geskryf. So 'n persoon wil God dus in álles behaag. 'n Moraliteit wat vanuit die mens is, hou hom daarenteen besig met enkele behepthede wat gewoonlik ook sekondêr is in terme van Bybelse standaarde.

- Hierdie heilige gehoorsaamheid groei in die bedding van *dankbaarheid* vir God se reddende genade in Christus en is gerig op die *eer van God*. Dit gaan dus nie in die éérste plek om die welsyn van mense (of diere!) nie - en allermins om selfbelang.

- Ten spyte van baie mislukkings sal ware geregtigheid oor die langtermyn 'n *groeïende karakter* hê.

- 'n Finale watermerk van egte geregtigheid is die *lewenslange aard* daarvan. Die nuwe hart hou nie net vir 'n tydjie nie. Dit hang immers saam met die wedergeboorte, wat die ontstaan van God se ewige verlossingsplan is.

- 'n Laaste kwalifikasie mag nooit uit die oog verloor word nie. Die geregtigheid wat uit wedergeboorte voortvloei, is die tipiese, die normale, die kenmerkende van 'n lewe, maar nie die

¹ Só belangrik is hierdie kwalifikasie dat al die groot belydenisskrifte dit aanspreek: HK v&a 91, NGB 24, Westminster XVI; 1689 Baptist XVI.
E255 : 1Jh 2:29 : Wat op aarde is 'n Christen [9] 3/6

konstante en uitsluitlike nie.

Helaas is Pred 7:20 óók van my waar: "Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie." Die hartseer feit van die lewe is dat selfs "geregtigheidsreuse" meermale in hulle gehoorsaamheid misluk.

Let dus goed op: *dit gaan in ons bespreking om die tipes, die geheelbeeld en langtermyn-tendense, nie om die spesifieke en momentele nie.*

Wat sê dit vir ons?

- Laat ons nie laasgenoemde kwalifikasie hierbo misbruik deur dit as 'n verskoning vir ons sonde voor te hou nie. Vir geen sonde het 'n Christen ooit 'n verskoning nie! En daarom moet sonde as *sonde* bely word.

- Hierdie merkteken van wedergeboorte lei tot 'n vlymskerp en baie praktiese gevolgtrekking: *ware redding word altyd sigbaar in goeie werke! Is dit afwesig, is daar eenvoudig geen redding nie.*

Goeie werke red nie, maar daarsonder is daar geen redding nie.

- Hier het ons 'n Nuwe Testamentiese aksioma. Dit is wat Jakobus in sy tweede hoofstuk sê: daar is baie soorte geloof, maar net een bring redding - die soort wat met goeie werke gepaard gaan.

- Johannes 3:36 is veelseggend. Dit word eers positief gestel: geloof in die Seun bring die ewige lewe. Dan verras die negatiewe teenstelling, as daar nie gepraat word van *ongeloof* nie, maar van *on gehoorsaamheid*.

Oor en oor beklemtoon die Woord van God: *net* diegene wie se lewens gekenmerk en beheers word deur gehoorsaamheid aan Christus, sal die Koninkryk beërf. En die omgekeerde staan net so vas: hulle wie se lewens gekenmerk word deur ongehoorsaamheid en sonde, sal die ewige lewe nooit smaak nie. Waarom nie? Omdat hulle ongehoorsaamheid die onbetwisbare bewys is van hulle ongelooft.

Kyk net hoe beklemtoon die Nuwe Testament dit: Mt 5:20; 25:31-46; Mk 10:23-31; Lk 6:46-49; 9:23-26; 13:23-28; 1Kor 6:9-10; Gl 5:19-21; Hb 12:14; 1Jh 2:29; 3:9-10; Op 21:7-8.

- Hier het ons die begroning vir een van die Reformatore se weskroepe: "*Sola fides justificat, sed non fides sola est!*" (Alleen geloof regverdig, maar nie geloof wat alleen is nie).

- Die waarheid waarna ons tans kyk, volg vanuit die onverbreekbare *geïntegreerdheid van God se verlossingswerk* in Sy uitverkorenes se lewens. Dis 'n proses wat konsekwent 'n sekere aantal elemente bevat, waaronder altyd, sonder uitsondering, ook heiligmaking en volharding in gehoorsaamheid en goeie werke.

- Kom ons sê dit reguit: *hier is 'n onfeilbare lakmoestoets vir ware redding en outentieke Christenskap*. Laat ons elkeen homself maar weer en weer toets; eerlik, nugter, volwasse (2Kor 13:5).

Charles Hodge: "*Die enigste bewys van ewige uitverkiesing is 'n heilige en gehoorsame lewe.*"

- Oordryf ons nie dalk die belangrikheid van goeie werke en gehoorsaamheid as 'n *sine qua non* vir redding nie? Die teendeel is waar! *Niks onderstreep die gewigtige belangrikheid en prominente plek daarvan in God se reddingsplan beter nie, as die feit dat ons eendag voor die regterstoel daarvolgens geoordeel gaan word*. Niemand minder nie as die Here self gaan ons werke gebruik as die maastaf vir redding - al dan nie!

Let op die besondere Skrifbeklemtoning daarvan: Mt 16:27; 24: 45-51; 25: 14-30; 31-46; Jh 5:28-29; Rm 2:6-11; 2Kor 5:10; 1Pt 1:17; Op 19:7-8; 20:12-13; 22:12-15.

- Hoe moet ons dit verstaan? Word die gelowige dan nie op grond van Christus se verdienste alleen geregverdig nie? Vir seker! Dis die hart van die evangelie!

Maar, soos regverdigmaking, is ook heiligmaking

'n onmisbare elemente in die geïntegreerde verlossingsproses. Regverdigmaking word dus noodwendig deur heiligmaking, gehoorsaamheid en goeie werke gevolg. Laasgenoemde is die bewys dat eersgenoemde inderdaad plaasgevind het. *En dis hierdie bewys wat voor die regterstoel gesoek sal word.*

Só onverbreekbaar is hierdie band, dat die Groot Regter eendag net een saak in ag sal neem wanneer Hy uitspraak moet gee oor iemand se ewige lot: *Het hy of sy 'n lewe van heilige gehoorsaamheid en goeie werke gelei?* Dit sal die onfeilbare bewys wees van saligmakende geloof, van innerlike herskepping en van eenheid met Christus - en, dus, van regverdigmaking. *Goeie werke is die watermerk van egtheid!*

- Die wêreldwyd-geagte skrywer van die negentiende eeu, J.C. Ryle, het dit só gestel: "*Evidence, evidence, evidence, will be the one thing wanted when the great white throne is set ... I can find no evidence that will be admitted in that day, except sanctification*" (Holiness, p.23).

- Laat hierdie formule onuitwisbaar op die tafels van ons harte geskryf wees:

'n Sondaar wat gered word, word gered uit genade alléén, op grond van Christus se verdienste alléén, deur geloof alléén, tót goeie werke, en daarom vólgens goeie werke - tot éér van God drie-enig.

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.
- E: nico.vanderwalt@reformed.org.za ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za ; T: 012-808 3906